**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersienings Nr: 602/2006

In die saak tussen:

**DIE STAAT**

en

**ISAAC JUMBA LEEW AND ANOTHER**

---

**CORAM:** WRIGHT, R *et* KRUGER, R

---

**UITSPRAAK:** WRIGHT, R

---

**GELEWER OP:** 6 JULIE 2006

---

[1] Die twee beskuldigdes is skuldig bevind aan huisbraak met die opset om te steel en diefstal en is soos volg gevonnis: Beskuldigde 1, drie jaar gevangenisstraf.

Beskuldigde 2, twee jaar gevangenisstraf.

Dit blyk dat hul albei skuldig gepleit het en pleitverduidelikings verskaf het. Daarvolgens het beskuldigde 2 na 'n sekere huis gegaan en 'n sleutel gehad wat die slot kon oopmaak. Volgens hom het beskuldigde 1

buite gewag en die mense dopgehou. Beskuldigde 2 het die deur oopgemaak en 'n groot dra-sak geneem. Hulle het toe sekere artikels geneem. Dit sluit onder meer in 'n Sangsung DVD waarvan die waarde as R2 000,00 aangedui is. Die beskuldigde het erken dat die waardes van die goed R2 965,00 beloop maar kom dit baie eienaardig voor dat so 'n DVD R2 000,00 werd is terwyl die meeste van hierdie artikels gewoonlik ongeveer R500 kos.

[2] Beskuldigde 1 was 17 jaar oud ten tyde van die voorval terwyl beskuldigde 2 21 jaar oud is. Die landdros het onderskei tussen die vonnis van beide beskuldigdes en 'n swaarder vonnis aan beskuldigde 1 opgelê. Ek meen dat die landdros daardeur nie voldoende gewig geheg het aan die besondere jeugdigheid van die eerste beskuldigde nie asook die feit dat beskuldigde 2 die leiding geneem het met die pleeg van die misdryf nie. 'n Swaarder vonnis is aan beskuldigde 1 opgelê omdat hy 'n vorige veroordeling van roof het, waarvoor hy op 19 Oktober 2005 twee jaar gevangenisstraf opgelê is wat vir 5 jaar opgeskort is.

Hierdie oorweging moet opgeweeg word teen die voorafgaande twee strafversagtende faktore en meen ek dat dit eerder gepas sou gewees het om, in die lig daarvan, beide beskuldigdes dieselfde vonnis op te lê.

[3] Bygevolg word die skuldigbevindings bekragtig sowel as die vonnis van beskuldigde 2 maar word die vonnis van beskuldigde 1 ter syde gestel en vervang met die volgende:

2 (twee) jaar gevangenisstraf. Die vonnis moet geag word opgelê te gewees het op 2 Mei 2006.

**G.F. WRIGHT, R**

Ek stem saam.

**A. KRUGER, R**

/em